



Ons voorsien
Oplossings

laat ons na jou toekoms omsien - nou

INDEX

- Voorlopige belasting: Nie bloot net 'n vooruitbetaling wat ligtelik opgeneem kan word nie
- Voorgestelde grondplafonne kniehalter landbou se groeipotensiaal
- CORE Financial Solutions stel unieke beleggingsportefeuljes bekend
- B-BBEE: Wat jy moet weet omtrent “ou Kodes” en “nuwe Kodes”
- Deregistrasie van maatskappye of beslote korporasies
- Wat is jou personeel se verhouding met jou handelsmerk?



Voorlopige belasting: Nie bloot net 'n vooruitbetaling wat ligtelik opgeneem kan word nie

Ten einde beter kontantvloeï vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) te verseker en om die insameling van belasting te fasiliteer, is belastingbetalers verplig om voorlopige belasting te betaal vir 'n bepaalde jaar van assessering. Hierdie vooruitbetalings word gefasiliteer deur 'n stelsel van werknemerbelasting en voorlopige belastingbetalings.

Werknemerbelasting en voorlopige belasting wat deur 'n werknemer betaal word, verminder die normale belastingverpligting. Die finale bedrag is óf deur die belastingbetaler verskuldig aan die SAID óf deur die SAID aan die belastingbetaler. 'n Belastingbetaler kan 'n voorlopige belastingbetaler wees sowel as onderworpe aan die aftrekking van werknemerbelasting. Belastingbetalers wat verplig is om voorlopige belastingbetalers te wees, word geïdentifiseer in die definisie van "voorlopige belastingbetaler" in paragraaf 1 van die 4de Skedule.

Voorlopige belastingbetalers is verplig om binne 21 werksdae vanaf die datum waarop hy/sy 'n voorlopige belastingbetaler word, by die Kommissaris aansoek te doen om registrasie as voorlopige belastingbetaler. As belastingbetaler kan jy dus nie net terugsit en wag vir die SAID om jou as 'n voorlopige belastingbetaler te identifiseer en daarvan in te lig nie.

Wie is 'n voorlopige belastingbetaler?

Ingevolge paragraaf 1 van die 4de Skedule is 'n voorlopige belastingbetaler iemand wat in enige van die volgende kategorieë val:

- 'n Persoon wat inkomste verdien wat nie as "vergoeding" beskou word soos gedefinieer in paragraaf 1 nie, of 'n toelaag of voorskot onder afdeling 8(1)(par(a)) (byvoorbeeld huurinkomste of besigheidsinkomste);
- 'n Maatskappy (par (b)); of
- Enige persoon wat deur die Kommissaris ingelig word dat hy/sy 'n voorlopige belastingbetaler is (par (c)).

Skatting van belasbare inkomste

Alle voorlopige belastingbetalers moet twee verpligte skattings van belasbare inkomste vir elke jaar van assessering maak. Die eerste van hierdie skattings moet gemaak word voor of op die laaste dag van die sesde maand van die jaar van assessering, terwyl die tweede skatting gemaak moet word voor of op die laaste dag van die jaar van assessering. Hierdie skattings mag saamgestel word aan die hand van bepaalde reëls eerder as in terme van werklike vooruitskattings van belasbare inkomste.

Die bedrag van 'n skatting vir die eerste periode moet normaalweg nie minder wees as die basiese bedrag van toepassing op daardie spesifieke skatting nie. 'n Laer skatting mag slegs ingedien word met toestemming van die Kommissaris. Die basiese bedrag sal gebruik word vir die vasstel van die minimum-skatting vir die eerste periode en vir die berekening van enige boete vir die tweede periode.

Die "basiese bedrag" van toepassing op 'n skatting (vir die eerste periode en die tweede periode indien die belasbare inkomste R1 miljoen of minder is) word bereken as die belastingbetaler se belasbare inkomste soos geassesseer deur die Kommissaris vir die laaste voorafgaande jaar van assessering in verhouding tot die skatting minus enige belasbare kapitaalwins ingesluit in daardie belasbare inkomste en die belasbare

gedeelte van enige aftreefonds-enkelbedrag-voordeel, onttrekkingsvoordeel van 'n aftreefonds-enkelbedrag of 'n skeidingsvoordeel. Aangesien die basiese bedrag as skatting gebruik word, moet dit slegs gereelde inkomste-items insluit en enige buitengewone of eenmalige betalings moet uitgesluit word.

Let daarop dat die basiese bedrag (wat gebruik word om die belasbare inkomste vir sowel die eerste as die tweede voorlopige belastingbetaling te skat) met 8% per jaar moet styg indien die basiese bedrag beraam moet word meer as 18 maande ná die voorafgaande jaar van assessering.

Betaling van voorlopige belasting

Die eerste betaling moet die helfte van die betaalbare belasting wees (gebaseer op die basiese bedrag of die geskatte belasbare inkomste vir die jaar van assessering) minus enige werknemerbelasting wat reeds van die voorlopige belastingbetaler se vergoeding vir hierdie periode afgetrek is, asook minus sekere bedrae buitelandse belasting wat betaal is op inkomste van bronne buite Suid-Afrika wat as rabat toegelaat word.

Die tweede betaling moet die volle bedrag wees van die belasting betaalbaar vir die jaar van assessering (gebaseer op die geskatte belasbare inkomste wat die tweede betaling vergesel) minus die eerste betaling, minus enige werknemerbelasting wat reeds van die voorlopige belastingbetaler se vergoeding afgetrek is, asook minus sekere bedrae buitelandse belasting wat betaal is op inkomste van bronne buite Suid-Afrika wat as rabat toegelaat word.

Alle belastingbetalers mag 'n verdere vrywillige voorlopige belastingbetaling of betalings maak vir die doel van die vermyding of vermindering van verpligte rente wat gehef kan word indien die eerste twee verpligte betalings onvoldoende is. Hierdie vrywillige betaling word bereken in terme van werklike belasbare inkomste eerder as in terme van bepaalde reëls.

'n Belastingbetaler sal verantwoordelik gehou word vir rente indien hierdie betaling gemaak word meer as ses of sewe maande ná die einde van die jaar van assessering (afhangelend van die dag waarop die belastingbetaler se jaar van assessering eindig) of sal geregtig wees op rente indien sy/haar voorlopige belastingbetalings en, waar van toepassing, werknemerbelastingaftrekkings meer is as sy/haar geassesseerde belastingverpligting vir die jaar.

Laat indiening van betaling of onderskatting van voorlopige belasting

Boetes en rente sal gehef word wanneer:

- Voorlopige belasting laat of nie korrek betaal word nie;
- Daar nagelaat word om skattings in te dien; of
- Onvoldoende skattings ingedien word.

Die rente word bereken op die bedrag van onderbetaalde voorlopige belasting soos wat onbetaal bly vir die duur van die tydperk wat dit onbetaal bly. Hierdie tydperk word gesien as van die einde van die relevante periode voorgeskryf vir die betaling van voorlopige belasting, en sal voortduur vir solank as wat die bedrag onbetaal bly. Die rente moet betaal word teen die "voorgeskrewe koers" wat vir hierdie doel gedefinieer word as die koers wat van tyd tot tyd vasgestel word deur die Minister van Finansies in die Staatskoerant. Die huidige koers vir bedrae wat aan die SAID verskuldig is, is 9.25%, terwyl die koers wat van toepassing is op bedrae wat deur die SAID verskuldig is, staan op 5.25%.

Die boete wat gehef word indien die jaareindskatting onvoldoende is, is 'n persentasiegebaseerde boete teen 'n koers van 20%. Die heffing van hierdie boete is gebaseer op 'n tweevlakkige model. Vlak een behels kleiner belastingbetalers met 'n belasbare inkomste van R1 miljoen of minder vir die huidige jaar van assessering. Vlak twee behels groter belastingbetalers met 'n belasbare inkomste van meer as R1 miljoen vir die huidige jaar van assessering. Enige laat indiening van die voorlopige belastingopgawe sal beskou word as betyds ingedien, maar met 'n skatting van R0, wat sal lei tot beduidende boetes vir onderskatting ingevolge die berekeninge soos hieronder uiteengesit.

'n Outomatiese boete van 20% sal gehef word indien 'n voorlopige belastingbetaler wat in die kategorie van kleiner belastingbetalers val, 'n skatting van sy/haar belasbare inkomste vir die tweede periode indien wat minder is as die basiese bedrag en 90% van die werklike belasbare inkomste van die jaar van assessering. Vir groter belastingbetalers word 'n outomatiese boete van 20% gehef indien 'n voorlopige belastingbetaler 'n skatting van sy/haar belasbare inkomste vir die tweede periode indien wat minder is as 80% van die werklike belasbare inkomste vir die jaar van assessering.

Bykomend moet die Kommissaris 'n boete van 10% hef op die onbetaalde bedrag indien 'n voorlopige belastingbetaler versuim om enige bedrag te betaal van die voorlopige belasting waarvoor hierdie belastingbetaler verantwoordelik is en binne die tydperk toegelaat vir betaling. Hierdie boete is dus van toepassing op die eerste en tweede voorlopige belastingbetalings.

Gegewe die omvang van die bogenoemde boetes ten opsigte van voorlopige belasting en die feit dat die boetes outomaties deur die SAID-stelsel gehef word met die uitreik van die jaarlikse inkomstebelasting-assessering van die belastingbetaler, kan geen belastingbetaler bekostig om voorlopige belasting ligtelik op te neem as 'n blote vooruitbetaling nie.

[Voorberei deur CORE Tax. Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]

Voorgestelde grondplafonne kniehalter landbou se groeipotensiaal

Debate rondom die ANC se omstrede voorstelle oor grondplafonne duur steeds voort. Die redes is welbekend, maar weer bevestig – die pas van grondhervorming is te stadig en met hierdie verandering in benadering kan die proses versnel word.

“Landbou-rolspelers is veral omgekrap omdat daar reeds ’n ooreengekome proses aan die gang gesit is ná die bekendmaking van ’n nuwe grondhervormingsmodel tydens AgriSA se jaarkongres verlede jaar. Só goed was die klaarblyklike ontvangs van die voorgestelde model dat dit as ’n waterskeiding hanteer is,” sê dr. Kobus Laubscher, direkteur van CORE Business Development. Laubscher sê die nuwe grondhervormingsmodel is bestempel as die bloudruk om gestalte te gee aan hoe die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) in rat kan kom om landbou se groeivermoë los te laat.

“Grondplafonne is reeds uit verskeie oorde – selfs van binne die ANC – gekritiseer as onhaalbaar,” sê Kobus. Boere behoort toegelaat te word om net dit te kan doen waarmee hulle die beste en onvervangbaar is, naamlik om kos te produseer. Hulle taak behoort makliker en nie moeiliker gemaak te word nie. Indien boere winsgewend is, word welvaart daar en dan geskep. Die gevolg is dat landelike ontwikkeling die beste en goedkoopste gestimuleer kan word as boerdery winsgewend is. Dit is maar net nog ’n bewys dat landbou beter gemaak moet word ten einde die boer in staat te stel om sy roeping te kan vervul.

“Faktore van buite die grensdrade van die plaas word nou meer bepalend vir die welstand van daardie plaas as waartoe faktore daarbinne beheerd rigting kan gee,” sê Kobus. Iets van die verstaan van die rol van landbou as katalisator van groei is binne die NOP verdiskonteer en landbou as sektor word belangrik geag vir ekonomiese groei. Hiervoor is ondersteunende beleid egter noodsaaklik. “Vergeet van al die mooi en beskrywende terme, want as beleidsmaatreëls landbou nie beter maak om sy rol te speel nie, sal die ekonomie se wiele spreekwoordelik afkom, en vinnig ook,” sê Kobus.

Met die NOP as strategiese padkaart na ’n beter môre, sou ’n mens verwag dat dié plan die toon en pas sal aangee om broodnodige ekonomiese groei te skep en te stimuleer. Uitsprake deur politieke leiers is egter sodanig teenstrydig dat ’n mens hard moet werk om die werklike draad van die plan raak te sien. Struikelblokke soos beleidsonsekerheid, afwesigheid van komplementêre beleidsmaatreëls en vlugvoetige beleidsaanpassings wat ontbreek, laai die skaal aan die verkeerde kant.

Kommersiële landbou het sy verbintenis tot bemagtiging ondubbelsinnig getoon en bewyse gelewer waar die sektor die staat uitpresteer in terme van sosiaal-maatskaplike ontwikkeling. Die bewuste afbreek van goeder trou deur telkens nuwe hindernisse te skep kan eenvoudig nie meer net toegeskryf word aan administratiewe onbeholpenheid nie. Lotsgebondenheid ontbreek en onderlinge vertroue is geskaad omdat die onderhandelde uitkoms bepaald nie vir die regering aanvaarbaar is nie. Daar behoort nou ernstige twyfel te wees in die bedoeling van die regering as hulle vennote soek vir oplossings waartoe hulle self nie in staat is nie.

Die fokus moet wees om boerdery beter te maak en die troef is die vermoë om kos te kan produseer. Regerings het nie die kundigheid of geld om meer in daardie liga te speel nie. Bestaande projekte binne die grondhervormings-inisiatiewe sal deur boere ingeneem word as synde bure waar net grensdrade skei. Die meerderheid boere het net een begeerte en dit is om teen ’n wins te kan boer, en eie aan sy aard sal hy sy buurman help as dit moet. Sulke welwillendheid was nog altyd kleurblind.

Voorberei deur CORE Business Development.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188

CORE Financial Solutions stel unieke beleggingsportefeuljes bekend

Kliënte kan nou voordeel trek uit CORE Financial Solutions se beleggingsmandaat wat ingeligte, vaartbelynde beleggingsbesluite moontlik maak. CORE Financial Solutions het 'n vennootskap met Third Circle Asset Management (TCAM) wat CORE-kliënte die geleentheid bied om hul beleggingstrategie selfs meer noukeurig te bestuur.

“Ons kliënte is reeds bekend met CORE se uitstekende, betroubare beleggingsadvies. Die CORE/TCAM-portefeuljes verfyn hierdie struktuur nog verder, wat ons in staat stel om ons kliënte te laat voordeel trek uit markveranderinge, maar ook om ons te help om ons kliënte beter teen markrisiko's te beskerm,” sê die direkteur van CORE Financial Solutions, Gerhardus Liebenberg. Third Circle Asset Management is 'n batebestuursmaatskappy wat CORE Financial Solutions met navorsing en die samestelling van portefeuljes ondersteun.

Kliënte kan kies uit drie opsies:

- CORE/TCAM Cautious-portefeulje: 'n Baie konserwatiewe portefeulje vir beleggers wat neig om ongemaklik met markrisiko te wees.
- CORE/TCAM Moderate-portefeulje: 'n Meer gematigde portefeulje vir beleggers wat aanvaar dat dit onafwendbaar is om risiko's te waag, maar wat nie veel bevrediging daaruit put nie.
- CORE/TCAM Optimal-portefeulje: 'n Gematigde tot aggressiewe portefeulje vir beleggers wat gemaklik voel met die neem van berekende risiko's ten einde hul finansiële doelwitte so gou as realisties moontlik te kan verwesenlik.

Gerhardus sê 'n geldankerprofiel (MAP) word vir beleggers voltooi. Daarna word 'n volledige analise van die belegger se finansiële posisie en –behoefte gedoen. “Ons vervleg dan hierdie inligting om die kliënt by te staan om 'n keuse uit te oefen oor die drie beleggingsopsies.”

Bestaande of voornemende beleggers kan Mei 2015 se fondsfeiteblad hier aflaai.

**[Voorberei deur CORE Financial Solutions.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 448 8188]**



B-BBEE: Wat jy moet weet omtrent “ou Kodes” en “nuwe Kodes”

April 2015 sal deur almal in die B-BBEE-veld onthou word as die maand waarin meer B-BBEE-verifikasiesertifikate uitgereik is as ooit voorheen in die geskiedenis van B-BBEE. “Dit was die gevolg van ’n aankondiging dat April 2015 die laaste maand sou wees waarin besighede hul B-BBEE-statusse sou kon laat assesser volgens die sogenaamde ‘ou Kodes,’” sê Colette Cilliers, direkteur van CORE BEE.

Toe kom Mei 2015 en die Departement van Handel en Nywerheid verras die mark deur ’n “Verduidelikende Kennisgewing oor die Gewysigde Kodes van Aanvaarde Praktyk” op 5 Mei 2015 uit te reik. “Hierdie kennisgewing was goeie nuus vir besighede en het ook ’n verklaring ingesluit oor breë bemagtigingskemas en bemagtigingskemas vir werknemers (Broad-based Ownership Schemes en Employee Share Ownership Programmes) wat in die daaropvolgende dae tot taamlike debat in die mark gelei het,” verduidelik Colette. Die Departement het die omstrede verklaring sedertdien teruggetrek.

Die goeie nuus hou verband met die “verlenging” van die toepassing van die “ou Kodes” wat aan talle besighede ’n bietjie grasia verleen en hulle die geleentheid bied om (in sommige gevalle) vir ’n laaste keer ingevolge die “ou Kodes” geverifieer te word.

Hoewel die Gewysigde Kodes reeds op 1 Mei 2015 in werking getree het, het die verduidelikende verklaring die volgende gestel:

- Alle B-BBEE-verifikasies gebaseer op ’n finansiële jaar wat geëindig het voor 30 April 2015 kan geverifieer word deur die “ou Kodes” te gebruik; en
- Alle verifikasies gebaseer op ’n finansiële jaar wat eindig ná 1 Mei 2015 moet geverifieer word deur die “nuwe Kodes” te gebruik, met die uitsondering van Sektor Kodes.

Die implikasies van hierdie verklaring is as volg:

- Indien jou besigheid se finansiële jaar byvoorbeeld in Februarie 2015 eindig, sal jy nog die volgende B-BBEE-verifikasie gebaseer op die “ou Kodes” kan doen solank die verifikasie gedoen word voor die einde van die volgende finansiële jaar (28 Februarie 2016 in hierdie geval);
- Indien jou besigheid se finansiële jaar byvoorbeeld in Junie 2015 eindig, beteken dit dat die verifikasie gebaseer sal word op die inligting van die Junie 2015- finansiële jaar en die “nuwe Kodes” sal gevolglik van toepassing wees.

Duidelikheid is ook verskaf oor die Sektor Kodes met die minister wat ’n bykomende oorgangsperiode tot die einde van Oktober 2015 toegestaan het vir die aanpassing van die Sektor Kodes. Dit beteken indien jou besigheid binne ’n gepromulgeerde Sektor Kode val, enige B-BBEE-verifikasie wat tot en met 31 Oktober 2015 uitgevoer word, gebaseer moet word op die bepalings van daardie Sektor Kode. Bykomend beteken dit ook dat besighede binne ’n bepaalde Sektor Kode die Totale Jaarlikse Omset-drempels moet toepas soos bepaal in daardie Sektor Kode eerder as die nuwe Totale Jaarlikse Omset-drempels soos gestipuleer in die “nuwe Kodes” vir die klassifisering van die onderneming (EME / QSE / Generies).

Verdere goeie nuus in die verduidelikende verklaring is dat alle geldige B-BBEE-sertifikate wat uitgereik is ingevolge die “ou Kodes” en Sektor Kodes hanteer moet word as Bemagtigende Verskaffers (Empowering Suppliers) vir die intreejaar van die Gewysigde Kodes. Hoewel die verklaring verligting gebring het vir talle besighede, beteken dit steeds dat jy dadelik moet begin voorberei vir die Gewysigde Kodes. Jou eerste B-BBEE-verifikasie ingevolge die Gewysigde Kodes sal waarskynlik gebaseer wees op die huidige finansiële jaar. Die telkaart vir Generiese Ondernemings, die telkaart vir Kwalifiserende Klein Ondernemings (QSE) en die Gespesialiseerde Telkaart is reeds in finale formaat gepromulgeer.

CORE BEE is bevoeg om ’n konsultasie- en raadgewende diens of ’n verifikasiediens aan ons kliënte te bied. “Ons kan die impak van die ‘nuwe Kodes’ op jou besigheid assessee en sodoende vir jou ’n duidelike aanduiding gee oor die moontlike vlak van voldoening wat jou besigheid sal behaal indien gemeet aan die ‘nuwe Kodes’. Bykomend sal ons jou ook kan bystaan met die opstel van ’n strategiese B-BBEE-plan wat jou in staat sal stel om ingeligte besluite oor jou besigheid se B-BBEE-strategie te neem,” sê Colette.

[Voorberei deur CORE BEE.
Vir meer inligting skakel : +27 (0) 51 448 8188]



Deregistrasie van maatskappye of beslote korporasies

CORE Co Services ontvang dikwels versoeke van eienaars om hul maatskappye of beslote korporasies te deregistreer. “Hierdie behoefte ontstaan meestal omdat die eienaars nie meer in hierdie eenhede handel dryf nie,” verduidelik Daleen Bezuidenhout, direkteur van CORE Co Services. Daleen beskryf die proses van deregistrasie as volg:

- Eerstens moet jy verseker wees dat daar geen meer bates in die maatskappy of beslote korporasie gehou word nie;
- Tweedens moet daar geen uitstaande krediete / debiete by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) wees nie; en
- Derdens moet ’n stel finale RO-finansiële state opgestel word.

“Nadat al hierdie stappe gevolg is, kan die bankrekening gesluit word,” sê Daleen. Daar word dan ’n skrywe ingedien by die CIPC waarin die direkteure of lede aansoek doen tot die deregistrasie van die maatskappy of beslote korporasie. Hierdie aansoek moet deur al die direkteure of lede onderteken word. ’n SAID-klaringsertifikaat, asook gesertifiseerde ID-afskrifte van die direkteure of lede moet ook verskaf word.

Daleen sê die deregistrasieproses by die CIPC kan tot 12 maande duur. Vir hierdie tydperk wat die aansoek by die CIPC hangend is, moet alle SAID-opgawes en voorlopige belasting steeds as dormante opgawes ingedien word. Daar is ook steeds koste-implikasies hieraan verbonde.

By CORE Co Services word ’n eenmalig deregistrasiefooi van R600 plus BTW vir die opstel van die aansoek, asook die indien van alle relevante dokumete by die CIPC gehef. Sodra hierdie proses begin word, word die maatskappy of beslote korporasie se status verander om aan te dui dat dit in ’n deregistrasieproses geplaas

**[Voorberei deur CORE Co Services.
Vir meer inligting skakel : +27 (0) 51 448 8188]**

Wat is jou personeel se verhouding met jou handelsmerk?

Waar pas werknemers by handelsmerkbestuur in? 'n Goed-ontwikkelde handelsmerk is 'n dinamiese prentjie in verbruikers se gedagtes. Sterk handelsmerke is miljoene werd in terme van verkope en aandeelhouerwaarde. “Handelsmerke staan soos ligbakens uit in 'n see vol hoë-gehalte-produkte en –dienste wat aangebied word om uitdrukking te gee aan verbruikers se behoeftes. Verbruikers kies handelsmerke hoofsaaklik om aan die wêreld en aan hulleself te verduidelik wie hulle is,” sê Hein du Plessis, direkteur van Brand New.

Indien dit alles moontlik is vir verbruikers, hoekom dan nie vir personeellede ook nie? Handelsmerke word altyd in 'n positiewe lig gestel. Geen organisasie sal ooit 'n handelsmerkposisie bevorder wat sê dat indien 'n verbruiker sake doen met hierdie organisasie die verbruiker slegter daaraan toe gaan wees nie. Indien handelsmerkbeloftes gebruik kan word om verbruikers positief te motiveer, kan dit mos dieselfde doen vir werknemers.

Hein verduidelik dat dit help om aan handelsmerke te dink as “op” of “af” van die handelsmerk af (“on-brand” en “off-brand”). 'n Handelsmerk is 'n vinnige manier vir die publiek om te dink oor wat jy doen. Iets wat “on-brand” is, bevestig 'n reputasie in die rigting wat deur die organisasie verkies word. Net so laat iets wat “off-brand” is verbruikers twyfel in 'n handelsmerk.

'n Siniese houding ontstaan dikwels wanneer mense (verbruikers en personeel) glo dat die handelsmerk net 'n bemarkingsfoefie is en nie 'n ware beskrywing van die besigheid nie.

Handelsmerk-strekking

Werknemers bring baie ure by die werk deur en het gevolglik hoogs betrokke verhoudings met hul handelsmerk-werkgewer. Deur die komplementêre dimensies van stoot en trek (handelsmerk-strekking) te gebruik, kan handelsmerkbeloftes en –waardes ook gebruik word om personeel te motiveer.

Stoot: Handelsmerkwaardes wat gekoppel is aan besigheidstrategie verduidelik hoe en hoekom die organisasie sy handelsmerkbeloftes kan nakom. Mark Di Somma, 'n Nieu-Seelandse “brand pusher” (soos hy verkies om na homself te verwys), sê handelsmerkwaardes “tree op as 'n persoonlikheids-litmustoets om seker te maak dat die maatskappy gefokus bly op dit wat belangrik is”. Die handelsmerkwaardes bied ook 'n raamwerk wat gebruik kan word om geïntegreerde stelsels, prosesse, maatstawwe en belonings te ontwikkel en te implementeer om werknemers se optrede te belyn met die dienskultuur onderliggend aan die handelsmerk. Dit stoot of dryf personeellede van binne om vaardighede, houdings en standaarde aan te neem wat nodig is om in verbruikers se behoeftes te voorsien.

Trek: 'n Handelsmerkbelofte – wie ons is en waarvoor ons staan – is 'n uitdrukking van 'n maatskappy se visie in sy eenvoudigste vorm. Dit kan help om al die segmente van die organisasie saam te snoer. Indien werknemers emosioneel verbind is tot die handelsmerk wat hulle verteenwoordig, trek dit hulle nader aan die handelsmerk. Indien die handelsmerk sterk en opwindend is, gee dit aan werknemers 'n identiteit en 'n rede om positief werk toe te kom. Mense wat werk in maatskappye met 'n sterk handelsmerk verstaan wat die maatskappy belowe omdat daardie belofte ook intern aktief bevorder word.

Strekking: Ideaalgesproke, indien handelsmerke werknemergedrag wil motvieer, is daar 'n element van strekking nodig. Selfs al is die doelwit om dienslewering met die handelsmerkbelofte te bely, hoef 'n organisasie se handelsmerkbelofte nie presies weerspieël te word in werknemergedrag of –motivering nie. Die trek-aspek of ambisie kan dui op iets beter as vandag se werklikheid – maar nie op 'n onrealistiese wyse nie. Net so kan dit 'n uitdaging wees om aan die die stoot-aspek of standaard te voldoen, maar weer nie op 'n onrealistiese wyse nie. Handelsmerk-strekking het die inherente vermoë om terselfdertyd te trek en te stoot om werknemers te wys wat om te doen en hoe om dit te doen. Die regte mate van strekking hou personeel op hul tone om te voldoen aan die uitdaging om gestalte te gee aan die handelsmerkbelofte. Te veel van die trek-aspek en werknemers gee op en raak sinies. So byvoorbeeld is “100%-bevrediging gewaarborg” te hoog as 'n stoot-teiken, tog is dit verbasend hoeveel maatskappye hierdie belofte aan hul verbruikers maak.

Wat is die regte hoeveelheid handelsmerk-strekking? Dit wissel van situasie tot situasie. 'n Goeie maatstaf is wanneer personeel voel “Ja, wanneer ons naby aan ons beste is, is dit ons”. En dan het jy waarskynlik ook gemotiveerde werknemers.

[Voorberei deur CORE Brand Management.
Vir meer inligting, skakel : +27 (0) 51 522 7973

powered by **BRAND**^{NEW}

the **CORE**
group



www.thecoregroup.co.za